

25 Januarie

Jesaja 46:1-13

(Teks 46:4)

God kan en wil ons versorg Die woordjie "Vader" het 'n ryke betekenis.

Om 'n goeie *Vader* te hê is 'n wonderlike voorreg. Ag, hoe trots is seuntjies nie op hulle vaders nie! Pappa kan alles doen!

Wanneer die seuns groter word, kom die teleurstelling: *Vader* het ook maar voete van klei. Ons het gedink hy kan alles doen, maar hoe graag vader ook alles vir ons wil doen, dit is nie altyd finansieel of andersins moontlik nie.

Daar is egter 'n *Vader* wat alles kan en wil doen - ons hemelse *Vader* van Wie ons bely: *"Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde."*

Dit is heerlik vir die kerk van die Here en elke gelowige afsonderlik om te weet dat die *God* en *Vader* van ons Here *Jesus Christus* ter wille van *Christus* ook ons *God* en ons *Vader* is.

Hy is die *Almagtige* wat ons dra en nie deur ons gedra hoef te word nie. Ons hoef nie onself deur die lewe te dra nie. Ons hoef nie onself te help nie. *God* ons *Vader* doen dit!

Soms dink ons dat ons ons eie sondeskuld kan dra. Dis afgodery! In *Jesaja 53* word ons geleer van *Hom* wat ons sondes gedra het.

Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. (vs 4).

Heerlike wete, veral wanneer die broosheid van die ouderdom die besef van ons nietigheid en verganklikheid kom onderstreep.

Sing Psalm 89:9 en 11

Ds. F.J. du T. Lessing (Nelspruit)